

14 April

Klaagliedere 3:18-27

In ons lyde - met Gods genade bly ons regop

"Ek het gedink dit is klaar met my..". Wat het ek nie alles die afgelope tyd oorgekom nie! Dat ons huwelik nie finaal verkrummel het na die skokkende ontdekking van ontrou nie... Dat ek nog die moed het om aan te gaan na die uitslag van die mediese toetse... Dat daar elke dag tog weer genoeg op tafel was nadat ek my werk verloor het... Ja, afgesonder in my omstandighede, het ek my 'n vreemdeling tussen ander gevoel. Die lewe was soos gal en gif vir my. Dikwels het my gedagtes vasgedraai en was ek verbitterd, vol selfbejammering.

Daar is diegene wat in sulke tye halsstarrig bly skop teen die lewe. Hulle sal geen pyn wys nie en bly veg om self weer die bult uit te kom. Miskien was jou kinders vir jou 'n krag; ook jou kollegas by die werk. Maar die skrywer van Klaagliedere wys vir ons die vaste anker wat ons nooit moet los nie: "...deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie!" (vers 21-22). Die skrywer tel die volk van God op en sê: "...om dié rede bly ek hoop". Redding en herstel is nie maar net 'n vae moontlikheid nie. Nee, die gelowige se hoop is gegrond op God se liefde vir ons; dat daar geen einde aan sy bemoeienis met ons is nie (vers 21-23).

Ons weet nou die Vader het finaal sy Seun gestuur om dit te bewys. Om dié rede is die gebed ons krag in swaarkry-tye. Dan kan ons worstel met God se wil; sy genade nuut ontdek; leer om sy pad met ons duideliker te verstaan (vers 25). In sulke tye leer ons om geduldig te wag op die Here, want Hy tel ons weer op en ons kan 'n danklied sing. Kan u al die skerp kante van die lewe wegvat met hoop, gebed en geduld?

Sing: Psalm 27:6

Dr. J.L. Venter (Pretoria-Annlin)